

23 MEI

SKRIFGEDEELTE: PSALM 31:1-19  
FOKUSGEDEELTE: PSALM 31:15-16a

### My tye is in U hand

Wanneer Dawid hierdie psalm skryf, beskryf hy sy omstandighede met woorde soos: "ellende", "bedreiging", "vyande", "nood", "swak", "swaarkry", "kommer", my krag is "geknak", "spot", ek "is vergeet" en ek "lê en vergaan". Dit gaan inderdaad baie sleg met Dawid. Tog sien hy lig voor in die pad: "Maar ek vertrou op U, Here." "U is my God." "My tye is in u hand."

Al kry jy die wind hoe sterk van voor, al lyk die toekoms vir jou pikdonker, al kan ook jý die woorde *ellende* en *swak* en *swaarkry* oor jou lewe skryf – dit is nie die bepalende faktore in jou lewe nie. O nee! Die Here het die laaste sê. Ook jou tye, elke tree wat jy gee, is stewig in sy almagtige en Goddelike hand. Jou hele lewe – elke fyn onderdeeljie daarvan – is veilig by God. Hy staan volledig in beheer van alles wat met jou gebeur. Hy laat alle dinge vir jou ten goede meewerk, al verstaan jy niks van sy raadsplan as jy deur die meule gaan nie. So word ons ook in Hebreërs 12:11 bemoedig: "Wanneer ons getug word, lyk die tug op daardie oomblik nie na iets om oor bly te wees nie, maar om oor te huil. Later lewer dit egter vir dié wat daardeur gevorm is, 'n goeie vrug: vrede omdat hulle gehoorsaam is aan die wil van God."

Ook in die grootste krisis in jou lewe, as jy jou laaste tree in hierdie lewe uit hierdie lewe gee, ook dan is jou lewe steeds veilig in God se hande. Trouens, Hy dra jou tot by Hom. Christus het klaar die straf op al jou sondes gedra.

*Dr André Grové (Klerksdorp-Noord)*